BUSVERVOER: KONTRAK VIR DAGSKOLIERE

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM
hierin verteenwoordig deur mnr Lezar in sy hoedanigheid as hoof
(hierna genoem "die Skool")

EN

VOLLE NAME EN VAN: _____

IDENTITEITSNOMMER: _____

in sy/haar hoedanigheid as Ouer/Voog van die Leerder
(hierna genoem "OUER/VOOG")

1. INLEIDING

AANGESIEN die Skool 'n busvervoerdiens aan sy ingeskrewe leerders bied;

EN AANGESIEN die Ouer/Voog van die Leerder instem om van sodanige busvervoerdiens gebruik te maak;

DERHALWE kom die partye as volg ooreen**;**

2. PARTYE

2.1. **DIE LEERDER**

Van:			
Volle Voorname:			
Noemnaam:		Manlik of vroulik:	
Geboortedatum:			
Graad:			
Roete:		Stop:	

Merk ✓ die gekose roete

❑ *Die Montana/Wonderboom roete* ❑ *Die Tuine/Mountain View roete*

2.2. **BESONDERHEDE VAN OUER/VOOG**

Van en Naam:			
Identiteitsnommer:			
Woonadres:			
	Kode:		
Posadres:			
	Kode:		
Telefoon: Huis		Telefoon: Werk	
Selfoon: Ouer 1			
Selfoon: Ouer 2			
E-pos: Ouer 1			
E-Pos: Ouer 2			
Kontakpersoon in noodgevalle: Selnommer:			

2.3. **DIE SKOOL**

Die administratiewe kantoor van die Hoërskool Wonderboom;

Fisiese adres: Voortrekkersweg 1050, Wonderboom-Suid, 0084.

E-pos: hswb@wonnies.co.za

Wonnie Retoer wonnieretoer@wonnies.co.za

Kontaknommer: (012)-335 6806

3. DEFINISIES

3.1. **"aflaaipunt"**beteken :

Die Montana/Wonderboom roete	*Die Tuine/Mountain View-roete*
Merk ✓ die gekose aflaaipunt:	**Merk ✓ die gekose aflaaipunt:**
❑ Laerskool Stephanus Roos	❑ Laerskool Hermanstad
❑ Laerskool Magalieskruin	❑ Laerskool Generaal Nicolaas Smith
❑ Laerskool Wonderboom	❑ Laerskool Saamspan
❑ Laerskool Mayville	❑ Laerskool Bergsig
❑ Hoërskool Wonderboom	❑ Mayville Winkelsentrum
❑ Doornpoort (Slegs middag roete)	❑ Laerskool Boerefort

3.2. **"die Bus"** beteken 'n padwaardige bus/bussie wat deur die Skool gebruik word om die busvervoerdiens te lewer;

3.3. **"die Busbestuurder"** beteken 'n werknemer van die Skool in besit van 'n geldige lisensie om 'n busbestuurder en as sodanig aangestel is/gekontrakteer is deur die Skool;

3.4. **"oplaaipunt"** beteken:

Die Montana/Wonderboom roete	*Die Tuine/Mountain View-roete*
Merk ✓ die gekose oplaaipunt:	**Merk ✓ die gekose oplaaipunt:**
❑ Laerskool Stephanus Roos	❑ Laerskool Hermanstad
❑ Laerskool Magalieskruin	❑ Laerskool Generaal Nicolaas Smith
❑ Laerskool Wonderboom	❑ Laerskool Saamspan
❑ Laerskool Mayville	❑ Laerskool Bergsig
❑ Hoërskool Wonderboom	❑ Mayville Winkelsentrum
❑ Doornpoort (Slegs middag roete)	❑ Laerskool Boerefort

4. BETALING

4.1. Die Ouer/Voog sal maandeliks vooruit, voor of op die 1ste van elke maand, 'n bedrag van **R500.00** aan die Skool betaal vir die uitreik van 'n buskaartjie aan die Leerder.

4.2. 'n Buskaartjie sal slegs aan die Leerder uitgereik word, sodra die betaling in die Skool se rekening reflekteer. 'n Bewys van betaling is nie voldoende nie en die Ouer/Voog sal verantwoordelik wees daarvoor om seker te maak dat die korrekte verwysing en bankbesonderhede gebruik word.

4.3. Alle betalings aan die Skool ingevolge hierdie ooreenkoms sal by wyse van elektroniese betaling in die volgende bankrekening gemaak word:

BANK BESONDERHEDE:

Bank naam:	FNB
Rekeningnommer:	628 778 16 789
Tak naam:	N.V.T
Taknommer:	250655
Verwysing:	:_____

4.4. Geen kontant sal deur die Busbestuurder en/of enige Opvoeder aanvaar word ter betaling van enige bedrae ingevolge hierdie ooreenkoms nie.

4.5. Gebruik van die bussie is per maand, ongeag of die leerder net opgelaai of afgelaai word.

5. REËLS VIR GEBRUIK VAN DIE BUSVERVOERDIENS

5.1. Geen Leerder sal op die bus toegelaat word sonder ‘n geldige buskaartjie nie.

5.2. Leerders mag nie buskaartjies onder mekaar uitruil nie en die Leerder moet te alle tye sy/haar eie buskaartjie gebruik.

5.3. Die Ouer/Voog moet verseker dat:

5.3.1. die Leerder betyds om _____ op die ooreengekome oplaaipunt beskikbaar is;

5.3.2. hy/sy betyds om _____ op die ooreengekome aflaaipunt beskikbaar is om die Leerder op te laai; en

5.4. Die Ouer/Voog neem kennis dat:

5.4.1. die Busbestuurder nie vir ‘n Leerder wat laat arriveer sal wag nie, aangesien dit die geheel van die busskedule in gedrang sal bring;

5.4.2. hy/sy steeds vir betaling van die busvervoerdiens verantwoordelik sal wees, indien hy/sy versuim om die Leerder betyds by die oplaaipunt af te laai;

5.4.3. hy/sy steeds vir betaling van die busvervoerdiens verantwoordelik sal wees, indien die Leerder tydelik nie van die busvervoerdiens gebruik sal maak nie, tensy die ouer ten minste een maand vooraf skriftelik kennis gee aan die Skool in hierdie verband; en

5.4.4. nie die Skool of die Busbestuurder verantwoordelik sal wees vir toesig oor die Leerder nadat die Leerder die bus verlaat het nie.

5.5. Die Leerder moet aan alle skoolreëls en gedragskodes voldoen tydens gebruik van die busvervoerdiens, sowel as by die onderskeie oplaai- en aflaaipunte.

5.6. Die Leerder sal bo en behalwe **klousule 5.5** ook aan die volgende spesifieke gedragsreël voldoen by gebruik van die busvervoerdiens:

Die Leerder mag nie:

5.6.1. voorwerpe by die bus se vensters uitgooi nie;
5.6.2. rommel in of rondom die bus strooi nie;
5.6.3. vuil taal op die bus of rondom die bus gebruik nie;
5.6.4. homself/haarself skuldig maak aan die gebruik van rassistiese taal of aanmerkings nie;
5.6.5. die Busbestuurder steur terwyl hy/sy die bus bestuur nie;
5.6.6. rondbeweeg en staan in die bus terwyl die bus beweeg nie;
5.6.7. betrokke wees by enige vorm van bakleiery of afknouery in of rondom die bus nie;
5.6.8. **Dus** onderhewig aan die skool se gedragskode.

Die Leerder moet:

5.6.9. die Busbestuurder en sy/haar mede-leerders met respek behandel;
5.6.10. die gesag van die Busprefek respekteer en aanvaar

6. BEEïNDIGING

6.1. Enige van die partye kan hierdie ooreenkoms met ‘n maand vooraf skriftelike kennis aan die ander party kanselleer.

6.2. Die Skool sal geregtig wees om die ooreenkoms onmiddellik te beëindig sou:

6.2.1. die Leerder nie aan die reël soos per **klousule 5** hierbo, voldoen nie; en
6.2.2. die Ouer/Voog gereeld (meer as 1 keer) versuim om te voldoen aan betalings ingevolge **klousule 4** hierbo.

7. VRYWARING

7.1. Nie die Skool of die Busbestuurder sal verantwoordelik wees vir enige verlies of skade aan eiendom deur die Leerder of Ouer/Voog op die bus gebring nie.

7.2. Nie die Skool of die Busbestuurder sal verantwoordelik wees, indien die bus laat by ‘n oplaaipunt of aflaaipunt arriveer weens omstandighede buite die Skool of Busbestuurder se beheer nie.

7.3. Die Ouer/Voog neem kennis en stem in dat die gebruik van die busvervoerdiens deur die Leerder op sy/haar eie risiko is en vrywaar die Skool, die werknemers van die Skool sowel as die Busbestuurder van enige eise deur enige persone of entiteite wat mag ontstaan vanweë ‘n nalatigheid of versuim deur die Skool, die werknemers van die Skool en/of die Busbestuurder vir enige verlies aan eiendom of lewe wat mag ontstaan in die gebruik van die busvervoerdiens.

8. SKADE

8.1. Die Ouer/Voog sal verantwoordelik wees vir enige en alle skade wat aan die bus aangerig word by nalate of optrede van die Leerder.

9. DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI (ADRES VAN BETEKENING)

Die partye kies die adresse vermeld in klousule 2 van die ooreenkoms as hulle *domicilium citandi et executandi* (betekeningsadres) vir doeleindes van alle kennisgewings en dokumente vereis in hierdie kontrak.

10. ALGEMEEN

10.1. Hierdie ooreenkoms en die aanhangsel daartoe (indien enige) is die geheel van die ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging sal bindend op die partye wees nie, tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is.

10.2. Die partye verklaar dat geen voorstelling gemaak deur hulle of hul gevolmagtigdes aan die ander party, of enige ander term of voorwaarde waarvoor nie uitdruklik in hierdie kontrak voorsiening gemaak is nie, nie bindend is op die partye nie.

10.3. Geen toegewing deur enigeen van die partye aan die ander party, in verband met die terme van hierdie kontrak, sal beskou word as ‘n afstanddoening van enige van die partye se regte in terme van die kontrak nie.

10.4. Waar enige gedeelte van hierdie kontrak ongeldig is in terme van enige geldende wetgewing, sal die geldigheid van die res van die kontak nie beïnvloed word nie.

Onderteken te _____ op _____ 20 _____.

As getuies:

_____
Namens die Skool

1._____

2._____

Onderteken te _____ op _____ 20 _____.

As getuies:

_____
Ouer/Voog

1._____

2._____